Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2015

# RELIGIESTUDIES V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

*IRLGSA*

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A (VRAAG 1) is VERPLIGTEND.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Die lengte van jou antwoord moet in ooreenstemming met die puntetoekenning by elke vraag wees.

5. Begin elke vraag op ʼn nuwe bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1 (VERPLIGTEND)

1.1 Skryf EEN sin om die volgende terme te verduidelik:

1.1.1 Bekeerling (2)

1.1.2 Nirvana (2)

1.1.3 Hiërargies (2)

1.1.4 Pelgrimstog (2)

1.1.5 Nomadies (2)

1.2 Pas die korrekte woord by die volgende stellings. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) neer.

1.2.1 Die volgende godsdiens is een van die nie-sendingsgodsdienste:

A Islam
B Christendom
C Boeddhisme
D Judaïsme (2)

1.2.2 Hierdie konsep verwys na die geloof dat daar net een God is.

A Politeïsme
B Neo-heidendom
C Teïsme
D Monoteïsme (2)

1.2.3 ʼn Afrika-etiek wat respek en sorg vir die welsyn van ʼn ander persoon beteken word ... genoem.

A Ubuntu
B oorgang
C wêreldbeskouing
D sangoma (2)

1.2.4 Hy is sterk voorstander van die konflikteorie:

A Hans Mol
B Karl Marx
C Siddartha Gautama
D Emile Durkheim (2)

1.2.5 Die konsep verwys na die geloof dat alle natuurlike dinge ŉ gees het, en menslike gebeure kan beïnvloed.

A Amulet
B Veras
C Animisme
D Dissipel (2)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs (W of O) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) neer.

1.3.1 Monoteïsme is die geloof in meer as een God. (2)

1.3.2 Moslems aanbid in ŉ moskee. (2)

1.3.3 Suid-Afrika het ŉ staatsgodsdiens. (2)

1.3.4 ŉ Matriargale stelsel is ŉ sosiale orde waarin mans, of die vader-figuur, die kern van mag, gesag en sosiale belangrikheid is. (2)

1.3.5 ŉ Sangoma is die stigter van die Afrika Tradisionele Godsdiens. (2)

1.4 1.4.1 Waarom kies Christene die kruis as ŉ simbool vir hulle geloof? (4)

1.4.2 Waarom was die Islamitiese geloof in twee hoofgroepe verdeel? (6)

1.5 1.5.1 Noem enige TWEE sendingsgodsdienste. (4)

1.5.2 Waarom het verskillende godsdienste verskillende simbole? Gee TWEE redes. (4)

1.5.3 Wat is ŉ *sekte*? (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B:

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Sionisme kan gesien word as ŉ verfyning van die Christendom in verhouding tot die Afrika-ervaring. Sionisme span inderwaarheid die gesuiwerde geestelike energie van die Christendom in om te reageer op hedendaagse Afrika-behoeftes en kanaliseer dit deur Afrika kategorieë van denke en optrede, sonder om dit egter heeltemal van Christelike kategorieë te stroop. Daar is dus ŉ behoud van sekere Afrika-godsdienstige metodes en tegnieke maar die put uit ŉ nuwe bron van krag – die Heilige Gees eerder as die voorvaderlike geeste.
>
> Hy wys daarop dat mense die ooreenkomste tussen die Sionistiese profeet en ŉ Afrika-waarsêer uitgelig het, in die sin dat albei die oorsaak van ŉ persoon se siekte of ongesteldheid diagnoseer en behandeling aanbeveel. Die verskil is egter, sê hy, dat die Sionistiese profeet se diagnose en behandelings dikwels nie as doeltreffend beskou word nie tensy dit in gebed gesentreer is nie, en dit sluit in dat die pasiënt self meer tyd in gebed met die kerkgroep as ŉ deurlopende behandeling moet deurbring. Sioniste bring dus nie bloot die Christendom en Afrika godsdiens saam nie, hulle het inderwaarheid ŉ nuwe vorm van Afrika Christendom ontwikkel. Sioniste skep en brei Christelike ooptes uit in wat ek sien as die samelewingsoerwoud, oases in ŉ morele woestyn, stukkies orde in die midde van wanorde.
>
> [Bron: The African Independent Churches in Martin Polzesky en John de Grunchy (eds.) 1995. *Living Faiths in South Africa*. Cape Town. David Phillip pp. 122−127]

2.1.1 Wat dink jy bedoel die skrywer deur te sê dat Sionisme ŉ verfyning van die Christendom in verhouding tot die Afrika-ervaring is? (2)

2.1.2 Die skrywer dink dat Sioniste se geestelike krag sy oorsprong in die Christendom eerder as in Afrika Godsdiens het. Haal TWEE sinne uit die uittreksel aan wat dit aandui. (4)

2.1.3 Verduidelik in jou eie woorde wat die verskil tussen ŉ *Sionistiese profeet* en ŉ *waarsêer* is. (4)

2.2 Verduidelik die volgende begrippe soos van toepassing op godsdienste. (4)

2.2.1 Missie (4)

2.2.2 Evangelie (4)

2.2.3 Ekumenisme (4)

2.2.4 Proselietmakery (4)

2.2.5 Godsdienstige Imperialisme (4)

2.3 "'n Simbool is 'n objek, prent, woord of aksie wat gebeure, abstrakte idees en geloof werklik maak."

Verduidelik kortliks die belangrikheid van simbole in godsdiens. (10)

2.4 Noem enige TWEE ontspanningsaktiwiteite wat jy dink religieë teen gekant is. (4)

2.5 Noem DRIE sosiale rolle van rituele. (6)
**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Die huwelik is 'n baie belangrike oorgangstydperk. Dit is 'n vermenging van wêrelde en 'n bymekaar kom van die wêrelde van die voorvaders. Dit is presies wat die huwelik behels – die bymekaar kom van die voorvaders van die man se stam en voorvaders van die vrou se stam. Dus is 'n huwelik nie net tussen twee individue nie. Stamme word bymekaar gebring. Geestelike beteken dit dat twee wêrelde van voorvaders bymekaar gebring word – twee families word in 'n huwelik bymekaar gebring. Dit vereis baie ingewikkelde en noukeurige rituele om die proses op 'n veilige manier moontlik te maak. Wanneer andersheid op hierdie manier bymekaar kom, veral wanneer daar bloed betrokke is, is dit 'n potensiële gevaarlike ding om te gebeur. Dit kan baie afbrekende gevolge hê indien dit nie behoorlik hanteer word nie.
>
> [Vryelik vertaal uit Kwenda, C, (et al.) 1997, *African Religion and Culture Alive*]

3.1.1 Verduidelik die konsep *ritueel*. (4)

3.1.2 Hoe dink jy, wat is die 'potensiële gevare' waarna dr. C. Kwenta verwys? (4)

3.1.3 Dink aan 'n huwelikseremonie waarvan jy weet of wat jy bygewoon het. Beskryf kortliks EEN ritueel wat deel van daardie seremonie was. (8)

3.1.4 Verduidelik hoe die ritueel in VRAAG 3.1.3 die belangrikheid van die verandering wat plaas gevind het, beklemtoon. (4)

3.2 Wat is 'n *deurgangsrites*? (4)

3.3 Noem DRIE deurgangsrites in godsdienste. (6)

3.4 Verduidelik kortliks die term *inter-godsdienstige dialoog*. (10)

3.5 Lys die VYF stappe wat gedurende die proses van geloofsvernuwing plaasvind. (10)
**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> The Gift of the Givers-stigting is in 1992 deur dr. Imtiaz Sooliman begin en is die grootste noodlenigings-organisasie in Afrika (hoewel sy pogings oor die wêreld heen gereik het na plekke soos Haiti, Iran, Indië en China). Benewens hulp met rampe, verskaf die stigting ook klinieke vir primêre gesondheidsorg voedingskemas, watersuiwering en putwater, verspreiding van nuwe komberse, nuwe klere en kospakkies.
>
> Beurse, onderwyshulp, landbou-en entrepreneurs- selfhelpskemas, werkskepping, beradingsdienste, ŉ dwelmrehabilitasiediens, MIV/Vigs werkswinkels, vaardigheidsontwikkeling en lewensveranderde werkswinkels is sommige van hul uiteenlopende aktiwiteite wat vir miljoene mense wêreldwyd tot voordeel gestrek het. Hulle het meer as R450 miljoen ingesamel om 32 lande dwarsoor die wêreld te help, insluitende Suid-Afrika. Die stigting help mense ongeag hul ras godsdiens, kleur, klas, politieke verband of geografiese grens.
>
> [Geneem uit Shuters, *Topklas Religiestudies graad 11*, bladsy 136]

4.1.1 Lys TWEE werke wat die Gift of the Givers-stigting doen om mense te help wat in nood verkeer. (4)

4.1.2 Verduidelik in jou eie woorde die godsdienstige lering wat die werk van die Gift of The Givers-stigting geïnspireer het. (4)

4.1.3 Is die pogings van die Gift of the Givers-stigting beperk tot mense van dieselfde godsdiens as die lering wat hulle werk geïnspireer het? Hoekom dink jy is dit? (4)

4.2 Lees die onderstaande uittreksel uit verhale wat deur vroue geskryf is oor hul ervaring van uitsluiting en beantwoord die vrae wat volg.

> In haar denke oor vroue se uitsluiting uit gemeentelike gebed in die moskee, verklaar Shamima Shaikh dat die uitsluiting van vroue uit gemeentelike gebede verraad ten opsigte van die leerstellings van die Profeet is.
>
> In haar denke oor die reinigingskode vir vroue in die Hindoe-tradisie, het Anu Pillay gesê: "Wanneer my broers op 'n Sondagoggend tempel toe gegaan het en ek het gemenstrueer, moes ek by die huis bly. Ek het daarteen geskop ... en ek het tempel toe gegaan. En ek het aanhou wonder of die mure inmekaar gaan val en of ek gestraf sou word."
>
> [Uit Shuters, *Topklas Religiestudies, graad 11*, bladsy 57]

4.2.1 Identifiseer elke vrou se godsdiens en sê hoe sy voel om uitgesluit te word. (8)

4.2.2 Wat het hierdie twee vroue in gemeen? (2)

4.2.3 Wat is jou reaksie op wat hulle sê? (2)

4.3 Hoe help die konflikteorie om die stryd van vroue in verskillende religieë te verduidelik? (10)

4.4 Verduidelik wat bedoel word met 'n *teorie* en gee 'n voorbeeld van 'n teorie wat jy in jou eie lewe probeer toets het. (6)

4.5 Hoe verduidelik 'n funksionalistiese teorie die doel van religie in die samelewing? (10)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou